

## HOOFSTUK 5: ROEPING VAN ABRAM EN DIE VERBOND

### 1. Die Here roep Abram van sy familie af weg

God openbaar in Genesis 12 en 13 dat Hy vir Hom 'n eie volk tot stand wil bring. Daarom gaan roep die Here Abram van sy mense af weg. Hierdie roeping van Abram was 'n groot keerpunt in die geskiedenis van die gelowiges.

Die Here vestig in hierdie stuk openbaringsgeskiedenis ons aandag op wat Hy binne die grense van die land Kanaän wil doen. Die breë stroom van God se genade word so smal gemaak dat dit saamtrek in een man se huisgesin. In hierdie gesin en die mense wat later hieruit gebore sou word, sou die Here met sy uitverkiesende genade bly werk totdat die volheid van die tyd weer tot alle volke en nasies kan deurbreek. Deur sy verbondsvolk sou God na die hele menslike geslag toe kom.

Dit was noodsaaklik dat Abram afgesonder word sodat God se verlossingsplan uitgevoer kon word.

- Onder die nakomelinge van Noag het die verbastering van die ware aanbidding van God vinnig toegeneem. Baie gou was die meeste mense ongelowiges.
- Dit beteken nie dat letterlik alle mense ongelowiges geword het nie. Sekere mense soos Tera, Lot, Abimelek en Melgisedek het nog steeds die Here geken.
- Maar selfs onder sommiges van hulle het die afgodery toegeneem. Selfs in Tera se geslag is die huisgode of terafim naas God vereer (Jos. 24:2, AFR1953).

**Toe sê Josua aan die hele volk: So sê die HERE, die God van Israel: Oorkant die Eufraat het julle vaders van oudsher gewoon – Tera, die vader van Abraham en die vader van Nahor, en hulle het ander gode gedien.**

- Ter wille van die uitvoering van sy verlossingsplan was dit nodig dat God vir Hom 'n eie volk te midde van die volkerewêreld tot stand bring.
- Daarom het God Abram geroep sodat Hy vir Hom in afsondering 'n volk kon opbou. Daarmee het die Here verseker dat die ware kennis van Hom nie verlore gegaan het nie.
- In hierdie afgesonderde familie (en later volk) kon die ware kennis van God tot ryker ontplooiing kom en sou die verlossingsbelofte nie verstik word nie.
- Die Here sou hierdie volk gebruik as die instrument van sy openbaring. Die afsondering van Abram was dus nie 'n einddoel nie maar 'n middel daartoe.
- Daarom het God aan Abram verskyn. God het aan hom 'n ware geloof geskenk. Die Here het Abram gelei dat sy geloof in krag en helderheid toegeneem het. In die proses het die Here van versoeking en beproewings gebruik gemaak.

Abram het in Ur van die Galdeërs gewoon, en hy was getroud met Sarai, sy halfsuster. God het hom opdrag gegee om uit Ur weg te gaan. Hy het Tera (sy vader), Sarai (sy vrou) en Lot (sy neef) saamgeneem en na Haran in Mesopotamië gegaan.

Die Here wou nie hê dat hy in Haran moes bly woon nie. God het hom met sy vrou en sy neef Lot na die land Kanaän gebring.

- Die feit dat Abram moes wegtrek uit Ur van die Galdeërs, het hom beveilig teen die groot invloed van die kultuur van Babel.
- Hy moes na Kanaän gaan, wat wel 'n afgesonderde land was maar tog ook 'n knooppunt van kontak met die lande rondom.
- So kon die kennis en die geestelike skatte van die genadeverbond ook na die wêreld toe oorgaan.

Abram, en ook die land waarheen God hom gebring het, was bestem om 'n roeping ter wille van die wêreld te vervul.

- Abram het 'n goeie verhouding gehad met die stamme rondom Kanaän.
- Ook in Abram se nakomelinge is die band met die volke bewaar:
  - Isak was Abraham se seun,
  - maar so ook Ismael, die stamvader van die Arabiere.
  - Jakob was 'n nakomeling van Abraham,
  - maar so ook Esau, die stamvader van die Edomiete.

Die geestelike band van die geloof bind hom aan almal wat in die geloof lewe. Ten diepste dra die roeping van Abram dus nie 'n partikuliere karakter nie maar 'n universele karakter. In hom word al die volke van die aarde geseën.

## 2. God se verhouding met Abram

God het aan Abram beloftes van groot seën gegee om sy geloof te versterk.

Die Here het belowe dat Hy uit Abram se nasate 'n groot nasie sou maak. In hom sou al die volke van die aarde geseën word (Gen. 12:2,3). Die Here sou sy naam groot maak.

- Hierdie belofte bevat stoflike en geestelike seënninge.
- Later is hierdie belofte nog breedvoeriger herhaal (Gen. 17:1-8).
- Die rykdom van hierdie belofte kom veral uit in die seën van al die volke van die aarde.

Abram se optrede was uit die geloof. God het geloof van hom geëis, en hom ook daartoe bekwaam.

- Hy moes sy land en familie verlaat sonder om te weet waarheen hy sou gaan (kyk Heb. 11:8-12). Hy het hierdie offer gewillig gebring ter wille van die beloftes van God.
- Toe die Here belofte het om die land Kanaän aan hom te gee, het hy getoon dat hy geloof het. Hy het hom gaan vestig by Sigem, en altare opgerig by Sigem en Bet-El. Hiermee het hy hom aan die Here toevertrou en getoon dat hy God wil dien.

## 3. God toets Abram se geloof (Gen. 12:8-20)

Abram bly nie in Sigem nie. Hy trek verder. Dit was volgens die wil van die Here (Gen. 13:17).

- Hy slaan nou tent op tussen Bet-El en Ai. Soos sy gewoonte is, bou hy dadelik 'n altaar en aanbid die Here. Bet-El het toe nog die naam Lus gehad.
- Daarna trek Abram verder en kom in die Suidland (die Negeb). “Negeb” beteken “droë land”.

God het van Abram geloof geëis, maar Hy het ook sy geloof op die proef gestel. Hy het belofte om Abram se nageslag te vermenigvuldig en om Kanaän as land aan hulle te gee.

Met die roeping van Abram is die Here besig om die seën wat Hy in die Paradys aan die mense belofte het, in Abram te begin verwerklik. Die seën van die Here het hom natuurlik op een persoon gerig – Jesus Christus. Alle volke op die aarde sou hulle seën van Jesus af ontvang in dié wat uit die verskillende volke deur Jesus verlos word.

**En julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Abraham gesê het: En in jou saad sal al die geslagte van die aarde geseën word** (Hand. 3:25, AFR1953).

## 4. Abram vertrek uit Haran (Gen. 12:4-7)

Gehoorsaam aan God se opdrag het Abram vertrek. Hy het sy broerskind, Lot, ook met hom laat saamgaan. Lot het egter nie deel gehad in die roeping van Abram nie, daarom bewerk die Here later 'n skeiding tussen hulle.

Abram se optrede was uit die geloof. God het geloof van hom geëis, en hom ook daartoe bekwaam.

- Hy moes sy land en familie verlaat sonder om te weet waarheen hy sou gaan (kyk Heb. 11:8-12). Hy het hierdie offer gewillig gebring ter wille van die beloftes van God.
- Toe die Here belooft het om die land Kanaän aan hom te gee, het Abram met sy weggaan bewys dat hy geloof het. Hiermee het hy hom aan die Here toevertrou en getuienis gelewer dat hy God wil dien.
- Hy het hom gaan vestig by Sigem, en altare opgerig by Sigem en Bet-El. Hier, by Sigem by die terpentynboom More, het die Here weer aan Abram verskyn. Daar het die Here weer 'n keer belowe dat die Here die land Kanaän aan sy nasate gee.
- In daardie stadium was Abram dus 'n vreemdeling en 'n bywoner in die land wat vir sy nasate bestem was. Abram het dit gelowig aanvaar.

**Ek is 'n vreemdeling en bywoner onder julle. Gee my 'n graf as besitting by julle, dat ek my dode van my af weg kan begrawe (Gen. 23:4, AFR1953).**

**Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte (Heb. 11:9, AFR1953).**

**NB: Die heidene het ook na hierdie boom toe gekom om orakels en waarsêery te hoor. “More” beteken “waarsêer” of “leraar”. Teenoor hierdie heidense kultusse bou Abram die diens aan die ware God – sy altaar!**

## **5. Abram in Egipte (Gen. 12:8-20)**

Die Here het die land onvrugbaar gemaak deur hongersnood. Abram se geloof het begin wankel. Hy het Kanaän, die beloofde land, verlaat en Egipte toe getrek.

Abram en Sarai was toe nog in die krag van hulle lewe. Sarai was 'n besonder mooi vrou. Die Egiptenare het die gebruik gehad om 'n mooi vrou se man te vermoor en dan met die vrou te trou, want dan was dit mos nie (meer) 'n ander man se vrou nie!

Abram was bang hiervoor. Daarom het die twee ooreengekom dat Sarai sou sê dat sy Abram se suster is. Dit was nie 'n leuen nie, want alhoewel die twee uit twee verskillende moeders gebore was, het hulle dieselfde pa gehad!

**NB: Dit was 'n reusefout wat Abram gemaak het, want daarmee het hy sy beginsels prysgegee om sy eie lewe te beskerm, en sy vrou met haar eer en al uitverkoop!**

Abram se geloof het begin wankel. Dit het toe ook so gebeur dat die farao in Sarai belanggestel het. Omdat Abram verklaar het dat sy sy suster is, het die farao Sarai toe in sy paleis opgeneem.

Die “broer” het by die farao 'n klomp geskenke gekry vir hierdie suster van hom! Onder die geskenke was waarskynlik 'n slavinnetjie met die naam Hagar!

God was nie hiermee tevrede nie en het die farao met swaar plaë besoek. Die farao kom agter dat Sarai die vrou van sy gas is. Hy laat Abram roep en hy verwyt hom sy lafhartigheid en hy sit Abram met 'n gewapende mag uit die land uit. Skande! So het Abram sy vrou weer teruggekry en hy het teruggegaan na Kanaän toe. Ten spyte van sy kleingeloof het God hom weer genade bewys.

## **6. Die Here skei Abram en Lot**

Lot het in 'n sekere sin gedeel in die beloftes wat die Here aan Abram belowe het, want hy was die hele

tyd by wanneer die Here Abram geseën het. Ons lees van die geskiedenis van die twee saam in Genesis 13:1-13; 14; 18:6-33; 19.

Tera, Abram se pa, het drie seuns gehad, nl. Abram, Nahor en Haran.

- Lot was Haran se seun. Hy was Abram se mindere omdat hy Abram se neef was.
- Hy het saam met Abram uit Ur getrek na Haran, en daarvandaan na Kanaän.
- Solank hy by Abram gebly het, het hy ook deel gehad in die seëninge wat God aan Abram gegee het.
- Hy het ook in Abram se tydelike seëninge gedeel en baie ryk geword en baie vee gehad.

Abram en Lot het so baie vee gehad dat die land nie in albei se behoeftes kon voorsien nie. Toe het die Here besluit om die twee se paaie te skei. Om dit te laat gebeur, het die Here die sonde in diens van sy eer geneem:

- Daar het 'n getwis ontstaan tussen Abram en Lot se veewagters. Daarom het Abram aan Lot voorgestel dat hulle uitmekaar gaan.
- So het God sy raad uitgevoer, want daar moes 'n skeiding kom tussen hulle. Abram, wat deur die Here geroep was, moes alleen die draer van die belofte wees.
- Abram het aan Lot voorgestel dat Lot die keuse maak, en hoewel Lot die minste was, het hy eerste gekies.
  - Hy het gehunker na stoflike voorspoed, en daarom het hy sy oog gehad op die vrugbare vlakte van die Jordaan waar die goddelose stede Sodom en Gomorra geleë was. Abram het gaan woon by die groot bome (terpentynbome, AFR1953) van Mamre.
  - Lot se keuse was verkeerd en hy sou die wrange vrugte daarvan pluk. Allereers sou hy hom kwel oor die ongeregtigheid van die inwoners van Sodom wat hy gesien en gehoor het.
  - Verder is hy ingetrek in die stryd van Kedorlaomer, koning van Elam, met sy naburige vorste teen die konings van Sodom, Gomorra, Adma, Sebojim en Bela. Lot is as gevangene weggevoer saam met al sy besittings.
- Toe Abram dit verneem, het hy Kedorlaomer agternagesit met 318 man. Hy het hom naby Damaskus ingehaal, 'n ryk buit van hom afgeneem en Lot bevry.
- Ten spyte hiervan het Lot in Sodom bly woon. As gevolg hiervan het Lot alles verloor. Sodom en Gomorra se verwoesting was op hande, en Lot het slegs met sy eie lewe en dié van sy twee dogters daarvan afgekóm.

## **7. Die Here verwoes Sodom en Gomorra**

God het aan Abram bekend gemaak dat Hy Sodom en Gomorra gaan verwoes. Daar het drie manne aan Abram verskyn by die groot bome van Mamre. Een van die drie was die Engel van die Here. Hulle was op pad na Sodom om dit te verwoes.

- Abram het gepleit vir die regverdiges wat daar in Sodom mag wees. Eers het die Here ingestem dat as daar vyftig regverdiges in die stad sou wees, Hy die stad sou spaar. Abram het verder gepleit om Sodom se behoud as daar vyf-en-veertig sou wees, toe veertig, toe dertig, toe twintig, en uiteindelik slegs tien. Die Here het ingestem as daar slegs tien regverdiges sou wees, maar daar was ook nie tien nie.
- Tog was Abram se gebed nie onvrugbaar nie, want toe Lot en sy vrou en dogters uiteindelik voor die verwoesting uit die stad uitgelei is, was dit omdat God aan Abram gedink het (Gen. 19:29).

Toe die twee engele die nag by Lot in sy huis was, het die manne van Sodom sy huis omsingel en geëis dat Lot die twee vreemdelinge sou uitbring.

- Hulle wou onsedelike dade met die twee manne pleeg.
- Lot het geweier en het naderhand selfs sy twee dogters aangebied, maar tevergeefs.

- Die engele het toe die manne laat blind word sodat hulle die deur van die huis nie kon kry nie.

## 8. Die Here red Lot

Dit was nie so maklik om Lot, en veral sy vrou, te beweeg om Sodom te verlaat nie. Die engele het hom en sy vrou en dogters aan die hand gegryp en hulle uit die stad gevat. Die Here het vuur en swael op Sodom en Gomorra laat afreën. Adma en Seboïm is ook vernietig. Net Bela is gespaar. Hulle moes vir hul lewe vlug na die dorpie Soar. In die vlugproses het Lot se vrou haar duidelik teen die verlossende wil van God geskaar en met haar lyftaal gewys dat haar verlange by haar aardse besittings en vriende lê – wat nou aan die verbrand is. God het haar toe ook vernietig.

- Lot is wel gered, maar hy het min lewensvreugde gehad. Die eens skatryk veeboer wat eintlik baklei oor weiveld, bly in 'n grot in Soar!
- Sy dogters was bang dat hulle familie sou uitsterf, en om dit te voorkom het hulle die sonde van bloedskanie met hulle vader begaan. Elkeen van hulle het 'n kind gekry, en hulle name was Moab en Ben-Ammi.
- Uit Moab is die Moabiete gebore wat later 'n heeltemal heidense volk geword het. Uit hulle het die Here ook mense gered! Dink byvoorbeeld aan Rut wat 'n Moabiet was.
- Ben-Ammi was die voorvader van die Ammoniete. Hulle was ook 'n heidense volk.

## 9. Abram as krygsman

Abram moes ook eenkeer oorlog maak. Die Bybel beskryf hierdie geleentheid sodat ons Abram in 'n ander hoedanigheid as die gewone kan sien.

- Hy was nie altyd 'n rondtrekkende herdersvors of 'n verkoopsman nie.
- Die idilliese atmosfeer wat altyd om hierdie Godsmen hang, word meteens verbreek. Hy beleef oorlog en verwoesting.

Ons kry 'n klein kykie op die politieke toestande van Abram se tyd.

- Vreemde konings verskyn op die toneel. Vier konings onderneem 'n strafekspedisie teen die konings van Kanaän.
- Ons ken nie die name van die konings uit enige buite-Bybelse bronne nie.
  - Kedorlaomer is 'n onbekende in buite-Bybelse bronne. Ons lei uit die Bybel af dat die ander konings Kedorlaomer twaalf jaar lank gedien het. Ons lei hieruit af dat Elam in daardie stadium die opperheerskappy gevoer het. Hulle het saam teen die konings van Kanaän opgetrek.
  - Die name van die ander konings, nl. Amrafel, Ariog, Dudhalia en Tideal, is heeltemal onbekend.
- Ons is ook nie seker van watter lande hulle afkomstig was nie.
  - Sinear is 'n naam vir Babilonië (Gen. 10:20; 11:2,9).
  - Elam is die naam van die hoogvlakte oos van Mesopotamië. Die Elamiete was 'n baie oorlogsugtige volk.

Kedorlaomer en sy spannetjie het 'n wye draai getrek en verskillende volke verslaan.

- Laaste het hulle toe op Sodom, Gomorra, Adma, Seboïm en Bela afgekom. Hierdie vyf stede het besluit om saam weerstand te bied teen Kedorlaomer.
- Die konings van Sodom en Gomorra het hulle slag verloor en gevlug.
  - Buiten die feit dat hulle die oorlog verloor het, het nog teëspoede hulle getref. Die laagte was vol gate in die lymgrond. Party vlugteling het daarin geval en ander het die berge in gevlug.
  - Die konings het toe gegaan en Sodom en Gomorra geplunder.
  - Onder die krygsgevangenes was Lot. Daar het nou vir hom 'n bitter tyd van slawerny in Elam voorgelê – nog verder as die stad Ur waarvandaan hy gekom het!

- Een ou wat dit reggekry het om te ontsnap, kom vertel dit toe vir Abram. Dit beteken dat Abram baie bekend was in die omgewing!
- In daardie stadium het Abram in Hebron, by die groot bome van Mamre, gewoon.
- Mamre en sy twee broers, Aner en Eskol, was Amoriete en hulle was bondgenote van Abram.

In wat daarna gebeur het, openbaar die Here hoe gelowiges optree! Lot het in sy eiewaan van sy oom af weggebreek (menslik gesien). Hy het ook weggetrek. Maar Abram laat Lot nie in dieselfde styl aan sy eie lot oor nie. Abram laat onmiddellik die geoefende manne wat in sy huis gebore is, optrek.

- Hierdie manne was as veewagters aan 'n baie harde lewe gewoond. Daar was 318 man.
- Saam met die drie Amoriete en hulle manne het Abram die leërs van Kedorlaomer in die nag van verskillende kante af aangeval. Hulle het die leërs van die vyand verslaan en baie ver agtervolg. Die buit is terugverower – ook Lot en sy goed.
- **NB: God het die vyande in Abram se hande gegee.**

## 10. Abram en die koning van Sodom

Op sy terugtog het die koning van Sodom Abram tegemoet gekom. Dit was 'n baie merkwaardige ontmoeting. Dit het gebeur in die laagte van Sawe (ook bekend as Koningslaagte).

- Die koning van Sodom het 'n voorstel aan Abram gemaak: Hy wou hê hulle moes die buit wat Abram terugverower het, verdeel.
- Hou nou in berekening dat feitlik al die buit Abram s'n was, want hy het dit afgeneem!
- Die koning van Sodom se voorstel was dat Abram al die besittings vir hom neem, maar al die mense vir hom (die koning van Sodom) gee.
- Abram het 'n eed gesweer dat hy niks wou hê nie. Hy wou net hê wat sy mense as kosvoorraad gebruik. Hy het toe dat die ander konings ook hulle deel van die buit kry!

**Toe antwoord Abram die koning van Sodom: Ek hef my hand op tot die HERE, God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde, dat ek geen draad en geen skoenriem, ja, dat ek niks sal neem van alles wat uwe is nie, sodat u nie kan sê nie: Ek het Abram ryk gemaak. Niks vir my nie! Net wat die dienaars geëet het en die deel van die manne wat saam met my getrek het, Aner, Eskol en Mamre, laat dié hulle deel neem (Gen. 14:22-24, AFR1953).**

## 11. Koning Melgisedek en sy verhouding met die Here

Ons lees van hierdie uiters merkwaardige man in Genesis 14:18-20 en weer in Hebreërs 7. Melgisedek was koning en priester van Salem.

- Toe Abram Kedorlaomer verslaan het en met die buit van die oorwinning teruggekom het, het nog 'n vreemde koning, Melgisedek die koning van Salem, hom tegemoet gekom.
- Daar staan in Hebreërs 7:3 (AFR1983) van hierdie Melgisedek:

**Niks is bekend omtrent sy vader en moeder of sy afstamming of die begin en einde van sy lewe nie. Hy is soos die Seun van God en hy bly priester vir altyd.**

- Dit moet so verstaan word dat hy nie kragtens afstamming priester geword het soos die Aäronitiese priesters nie. Hy is, wat sy priesterlike amp betref, sonder vader en moeder en sonder geslagsregister.
- Hy was 'n historiese persoon wat as koning van Salem (die ou naam van Jerusalem) ook as priester van die allerhoogste God opgetree het.
- Sy geboorte, sy afstamming en sy dood word nie in die Skrif vermeld nie, en juis dit gee aanleiding vir die digter van Psalm 110 om te sing van die koning wat tegelyk ook priester sal wees volgens

die orde van Melgisedek.

- Hierdie Psalm is vervul in die Priesterkoning Jesus Christus (Heb. 5:6).

## **12. Melgisedek seën Abram en ontvang die tiendes**

Toe Melgisedek Abram ontmoet, het hy vir Abram kos en wyn gebring.

- Daarmee het hy Abram erken as beskermmer van die land.
- In sy priesterlike hoedanigheid het hy Abram ook geseën. Daarin het hy getoon dat hy Abram se meerdere is (Heb. 7:7). Abram word geseën en God word in die seën geprys.

Hierna het Abram aan Melgisedek tiendes gegee van alles wat hy buitgemaak het.

- Hy het Melgisedek dus as sy meerdere erken, en daarin te kenne gegee dat hy God erken as die Een aan wie die eer van die oorwinning toekom.
- Wat Abram aan Melgisedek gee, gee hy aan God omdat Melgisedek die priester van God is. God word so in sy priester geëer.

Die ontmoeting tussen Abram en Melgisedek is 'n merkwaardige gebeurtenis in die Ou Testament, veral omdat Melgisedek hier geopenbaar word as 'n priester van die Allerhoogste God in die midde van die heidense wêreld.

- Ons lees verder niks van hom in die Ou Testament nie, behalwe dat Psalm 110 sy priesterskap voorhou in die lied oor die Priesterkoning.
- Die uitsprake in die Nuwe Testament laat geen twyfel oor die vervulling hiervan in Jesus Christus nie.

## **13. Die Here sluit met Abram 'n verbond**

Ons lees in Genesis 15; 17:1-18 wat alles daartoe aanleiding gegee het dat die verbond tot stand gekom het.

- In die verbond kom God na die mens toe. Hy lê 'n band van gemeenskap met die gelowige en beloof dat Hy vir ewig sy God sal wees.
- Hy maak Hom bekend as die ewige Ontfermer en Hy beloof verlossing aan sy volk.
- Die verbond word ook 'n testament genoem (Heb. 9). In die testament word 'n erfenis beloof wat die gelowige deelagtig word na die dood van die Testamentmaker.
  - God beloof om getrou te wees teenoor sy volk.
  - Daarom gee die verbond troos aan die volk van God.
  - Dit is vir hulle 'n steun vir hul geloof wanneer dié verflou.
  - Selfs die gelowiges se sondes kan nie die verbond van die Here vernietig nie.
- Abram het so 'n verbond nodig gehad. Daarom het God in 'n gesig aan hom verskyn en aan hom beloof dat Hy sy skild en loon sou wees.
- Alle vrees by Abram moes weggeneem word. Hy moes weet dat sy veiligheid – en ook sy besittings – alles van God af kom en ook deur God verseker is.
- Die verbond was vir Abram nodig, want Abram het die belofte van 'n groot nageslag gehad, maar hy het geen kinders gehad nie. Hy en Sara was reeds oud.
- Daarom het God hom in die verbond 'n teken gegee sodat dit sy geloof kon ondersteun. Hy het hom na buite gelei en hom na die sterrehemel laat opkyk. So baie soos die getal sterre, so talryk sou sy nageslag wees, en net so vas soos die sterre aan die hemel is, so vas is ook God se beloftes.
- Die Here het ook aan Abram beloof dat hy die land Kanaän sou besit.
- Abram het geglo wat die Here aan hom geopenbaar het, en hy het op die Here vertrou. Die Here het dit goedgevind dat Abraham so volgens sy wil gehandel het.

#### 14. Wat gebeur het toe die verbond gesluit is

Abram het gevra hoe hy sou weet dat dit so sou wees soos die Here hom belowe het. Die Here het daarop sy verbond met Abram gesluit met bepaalde seremonies.

- Hy het Abram beveel om verskillende diere te slag, hulle middeldeur te sny en die helftes teenoor mekaar te lê.
- In hierdie handeling word simbolies uitdrukking gegee aan die wedersydse verhouding, aan die godsdienstige karakter en ook aan die dreigende straf wanneer die verbond geskend sou word.
- Teen die aand het die Here tussen die stukke deurgegaan by wyse van 'n rokende oond en 'n brandende fakkel. Daardeur het die Here sy teenwoordigheid te kenne gegee.

Voordat die Here tussen die diere deurgegaan het, het die Here nog eers aan Abram die openbaring gegee dat sy nageslag vir 400 jaar lank verdruk sou word in 'n vreemde land! Al die beloftes wat God aan hom maak, gaan nie sonder lyding kom nie!

God het van Abram geloof geëis, maar Hy het ook sy geloof op die proef gestel. Hy het beloop om Abram se nageslag te vermenigvuldig en om Kanaän as land aan hulle te gee.

- Die HERE het begin deur vir Abram te sê dat hy nie moet vrees nie. Die HERE is vir hom 'n skild.
- God sal sy selfverloëning om die Goddelike roeping te gehoorsaam, beloon.

Tot hier het Abram met geloofsdade geantwoord. In die dinge wat hy nou sê, kom ons agter dat hy gedink het oor die beloftes van God en dat daarin vir hom probleme lê. Die Here het telkens met hom sy nageslag bespreek, maar hy het nie kinders nie!

**Toe vra Abram: Here HERE, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskéner Eliëser is?**

(Gen. 15:2, AFR1953)

Abram het weer gevra hoe hy sou weet dat dit so sou wees soos die Here hom belowe het. Op sy vraag het die Here hom geantwoord dat hy inderdaad 'n eie seun sou hê. Die Here het Abram toe die sterre gewys en gesê: So ontelbaar sal jou nageslag wees! By 'n vorige geleentheid het die Here 'n ander beeld gebruik:

**En Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde, sodat as iemand die stof van die aarde kan tel, jou nageslag ook getel kan word** (Gen. 13:16, AFR1953).

In Genesis 17 word bekragtig wat in Genesis 15 gebeur het.

- Eers het God die naam van Abram verander na Abraham, wat beteken “vader van 'n menigte volke”.
- God het ook aangetoon dat die verbond nie net vir Abraham geld nie, maar ook vir sy nageslag. Omdat dit 'n ewige verbond is wat God met Abraham as vader van die gelowiges gesluit het, is die verbond ook geldig vir alle gelowiges en hulle nageslagte (vgl. Rom. 4:11,12; Gal. 3:27,29).

#### 15. Die besnydenis is die teken van die verbond

In die verbond is daar twee dele:

- Aan die een kant is daar die belofte van God, wat Hy getrou sal vervul.
- Aan die ander kant is daar die verpligte gehoorsaamheid van die verbondskind. Dit word genoem die eis van die verbond.

Maar God gee ook aan Abraham genade om die eis te onderhou. God gee dus wat Hy eis. Om dit te bevestig het God aan Abraham 'n teken van die verbond gegee, naamlik die besnydenis.

- Al die manlike lede van Abraham se huis, ook onder sy slawe, moes op die agste dag besny word.



- Dit het Abraham en sy nageslag verplig tot 'n lewe wat aan God geheilig was.
- Die Here het bepaal dat die een wat die besnydenis nalaat, onder die volk uitgeroei moet word omdat dit neergekom het op 'n verbreking van die verbond en 'n verwerping van God.
- Die besnydenis het die lid van die verbond ook verplig tot gehoorsaamheid aan God.
- Die besnydenis was nie alleen 'n teken nie maar ook 'n seël. Dit het vir die gelowige die verlossing van sondes en die geregtigheid van die geloof verseël (Rom. 4:11). Die saak waarna die teken wys, word die besnydenis van die hart genoem (Rom. 2:29). Die doop het in die Nuwe-Testamentiese tyd in die plek van die besnydenis gekom (Kol. 2:11,12).
- Die besnydenis het ook heengewys na die bloedstorting van Christus.

Omdat die besnydenis op die agste dag nadat die kind gebore is, toegedien moet word, verstaan ons dat die doop ook so spoedig moontlik na geboorte bedien moet word. Ons kan nie wag tot al die familie gereed is vir die plegtigheid nie, want dan maak ons die verbond wat God met hierdie kind wil bevestig ondergeskik aan die bewegings van mense. Dit is sonde.